Dinsdag 9 Junie
Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Efesiërs 2:8-9 (AFR2020)

## God skenk vanuit genade aan ons geloof

Wat dra ons by tot ons redding? Is daar iets wat ons gedoen het wat gemaak het dat God ons gered het? Is daar iets wat ons beter gemaak het as ander? Nee, al wat ons bygedra het tot ons redding is die sonde waarvan ons gered moes word. God het ons alleen uitgered deur geloof in Christus. Sonder die genade van God is ons totaal hopeloos. Ons kan nie onsself red nie.

Ons kom eers werklik tot 'n dieper besef van die grootheid van ons redding wanneer ons tot 'n dieper besef kom van ons verlorenheid. Die eerste vers van ons teksgedeelte sê baie duidelik dat ons dood was in ons sonde. Ons was nie net siek of net bietjie op die verkeerde pad nie. Ons was dood. Die sonde het ons van alle kante af bekamp. Ons was onder die sondige wêreld, duiwel en vlees (vs 2-3).

Die Here het ons weer lewend gemaak uit die dood vanuit sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het deur ons saam met Christus op te wek (vs 4-5). Hierdie genade en liefde wat God vir ons het, is verstommend. Hy gee aan ons geloof in Christus sodat ons die ewige lewe mag hê.

Ons fokusverse maak dit egter baie duidelik dat hierdie geloof nie vanuit onsself kom nie (vs 8-9). Dit is 'n geskenk van God deur die werk van die Heilige Gees in ons harte. Die laaste vers maak dit duidelik dat ons geskep is tot nuwe mense in Christus Jesus om goeie werke wat God vir ons voorberei het, te doen.

Dit beteken egter nie dat ons agteroor moet sit wag dat goeie werke net vanself gebeur nie. Ons moet deur die krag van die Heilige Gees elke dag kies om in hierdie geloof te lewe.

*Sing: Psalm 116-1:1, 5, 9*

*Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)*